**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 05 NOVEMBER 2014 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 09/2014**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Lavinia Lunow open die vergadering met gebed. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig asook gaste, Wendy Wiles en haar span vanaf Grootbrakrivier, Suiderkruis tot Midbrak vir die Honde op die Strand projek. Raadslid Gibo Gerber, Raadsheer Kalie Smit en Frans De Graaff word ook welkom geheet.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | **Voorsitter** | Tergniet |
| Mike Wray | **Onder-voorsitter** | Tergniethoogte |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Pieter le Roux | | Kleinbrakrivier |
| Johan Lotter | | Reebok (bo spoor) |
| Des Muller | | Riverside |
| Charl De Wet | | Kleinbrakrivier |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Chris Pretorius | | De Lange Uitbr |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kalie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |
| Frans de Graaff | Munisipaliteit |
| Wendy Wiles en 8 kollegas van die | Honde op Strande Projek |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Annatjie Janse van Rensburg | **Sekretaresse** | Eureka Park |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Ray Saul | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebokrif / Bewarea |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Lydia Havenga | | Bewarea |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Donovan Claassen | | Toekoms |

## 3. LIEF EN LEED

**Leed:** Geen.

**Lief:** Gelukwensing aan Donovan Claassen wat onlangs verkies is as Voorsitter Toekoms HEV. Jennifer Williams word bedank vir haar werk as voorganger.

**Verjaarsdae:** Gelukwensing aan Bertie Supra (14/11) en Terry Terblanche (29/110) met hulle verjaarsdae.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **WENDY WILES – AANBIEDING HONDE OP DIE STRANDE INISIATIEF** | |
| | Wendy Wiles gee breedvoerig terugvoer en agtergrond oor die Inisiatief se verslag, tekortkominge, asook doelwitte vir die toekoms. Verslag aangeheg wat aan die Munisipaliteit voorgele is. Verteenwoordigers vanaf Grootbrak, Suiderkruis asook Midbrak lewer kommentaar. Die Vereniging is baie opgewonde oor die beheer en kontrole asook insette wat gepaard gaan met die MBBV se doelwitte in die verslag. Anton bedank Wendy en haar span vir die goeie werk en bevestig dat die Munisipaliteit dit goedgunstig benader het. Die nuwe regulasie is op vir goedkeuring by vandeesmaand se Burgermeesters Vergadering. Wendy en Anton sal die saak mooi monitor vir die toekoms asook die Raadsvergadering bywoon. | Wendy, Elsa, Jan, Mike, Des, Len en Lede |
| **5.** | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule no. 08/2014 word goedgekeur deur Mike Wray en Len Rauch. | Lede |
| **6.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **6.1** | **MBBV & B Verdienstelike Sertifikate 2013 & 2014.** Bertie Supra en Abdul nie beskibaar vir ontvangs nie. Staan oor. | Anton |
| **6.2** | **Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan (Sien Aktiwiteits Lys 1).** | |
| | Des noem dat lede reeds bymekaar gekom het. Charl is bekommerd dat plan al vir 5 jaar in die lug hang. Anton bevestig dat die plan beskikbaar is en op die Webtuiste van die Munisipaliteit is. Gibo bevestig dat die plan aktief is en deurlopend aangepas en hersien word. | Lede |
| **6.3** | **Powertown - Snelgroeiende aanwas van strukture (Sien Aktiwiteits Lys 2).** Lede vra dat item afgehaal word. Anton noem dat terugvoer tydens die AJV gegee gaan word. | Lede |
| **6.4** | **Honde op strande – publieke deelname proses deur MEP (Sien Aktiwiteits Lys 6) Brief Wendy Wiles.** Reeds bespreek. | Lede |
| **6.5** | **Omskakeling van rioolstelsel – Bespoediging (uit AJV) (Sien Aktiwiteits Lys 9).** Lede vra dat item afgehaal word. Item is langtermyn beplanning. | Lede |
| **6.6** | **Pad na Powertown - Bootlanding (Sien Aktiwiteits Lys 13).** | Lede |
| | Des en Anton sal dit deurlopend op die Rivier Forums voorhou vir ondersteuning. Haal af. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **6.7** | **Vakansie Seisoen Reelings Vergadering.** Anton bedank almal vir hulle insette. Hyself, Mike en Annatjie het bygewoon. Len was ook teenwoordig en het vir Gibo verteenwoordig. Mike beklemtoon dat alle kusgebiede teenwoordig by vergadering met dieselfde uitdagings sit. Die Munisipaliteit het in die vakansie seisoen daaglikse moniterings vergadering wat daaglikse probleme sal aanspreek. Anton vra dat alle lede hulle verantwoordings gebied deurgaan en kyk dat alle versoeke aandag geniet. Brief aangeheg. | Lede |
| **6.8** | **Sosiale & Maatskaplike impak.** Anton benadruk dat die MBBV 'n verantwoording het om die saak aan te spreek indien daar 'n behoefte in die area is. Munisipale Deurnis beleid is beskikbaar en moet per nuusbrief aan lede deurgegee word. | Anton |
| **6.9** | **MBBV&B Webtuiste.** Des noem dat die Webtuiste opgedateer moet word met die nuutste notules. Anton noem dat Dorothy ons nog sal help met die oplaai van die dokumente. Anton sal dit met haar bespreek en reel dat Annatjie opleiding kry sodat ons dit self kan doen. Anton noem dat Silas reeds faktuur gestuur het wat betaal moet word. Bedrag R590. | Des / Anton |
| **7.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **7.1** | **Houttrappe Kusweg 5de en 6de laan.** Trappe nog geen aandag, nog in proses. Rozain sal navraag doen. | Rozain / Anton |
| **7.2** | **Grondwet hersiening (Sien Aktiwiteitslys punt 5).** | **Anton / Kruger** |
| | Anton bevestig dat hy en Kruger die Grondwet hersien het en dit sal voorle aan die lede vir kommentaar. | |
| **7.3** | **R102 - Skoonmaak van sypaadjies (Sien Aktiwiteitslys punt 11).** | **Anton / Gibo** |
| | Anton bevestig dat brief aan Minister Donald Grant gestuur is vir hulp en reeds ontvangserkenning gekry. Aksie op die pad is reeds sigbaar. Dankie ook aan Des vir die Engelse vertaling. | Anton / Des |
| **7.4** | **Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg (Sien Aktiwiteits lys punt 12)** | **Frans** |
| | Lede versoek dat punt afgehaal word. | Lede |
| **7.5** | **Mnr Naidoo – Water Gehalte en Koper pype terugvoer.** | **Kalie / Anton** |
| | Anton bevestig dat brief geteken is. Len versoek dat brief ook op die webtuiste geplaas sal word asook aan die lede uitgestuur kan word. | Anton |
| **8.** | **BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS** | |
| | Johan Lotter het bygewoon op 15 Oktober 2014. Lavinia, Mike en Anton sal bywoon op die 12 Nov'14. | Lavinia / Mike / Anton |
| **9.** | **WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5** | |
| | Staan oor. | Charl / Johann |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **10.** | **PROJEKTE** | |
| **10.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | **Frik** |
| 10.1.1 | **Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens.** Epos aan Altus gestuur. Sal aksie monitor. | Anton / Altus |
| **10.2** | **Hersiening van straatname in die gebied en kartering van nuwe uitbreidings.**<br><br>Len het Dorothy gekontak vir hulp, maar tans nie beskikbaar nie. Proses is aan die gang. Gibo noem dat Toekoms se straat name af-gehandel is en dat Donovan groot werk daar verrig. | **Len / Charl / Kalie** |
| **10.3** | **Skoonmaak van erwe.** | **Johann** |
| 10.3.1 | Munisipaliteit sal aandag gee aan oop erf tussen Reeboksaal en die Superette. | Kruger |
| 10.3.2 | Len noem dat daar ongeruimdhede aan die gang is by Kusweg Kleed-kamers. Rommel word gestrooi in die bosse asook moontlikheid dat iemand daar woon. Area sal aan die Munisipaliteit uitgewys word. | Rozain / Len |
| **10.4** | **Rampbestuur** | **Des / Terrie** |
| | Des en Pieter sal Rampbestuur hanteer. Anton noem as ons kyk na vorige vloede moet ons pro-aktief wees en glo Munisipaliteit moet die gevaar uit die wegruim. | Des / Pieter |
| **11.** | **FINANSIES** | **Anton** |
| | Bank balans R9489,60 dd 5 Nov'14. Kleinkas onveranderd. Anton noem dat Silas betaal moet word, R590 vir die Webtuiste. Anton noem ook dat die MBBV kontakte by Nedbank bedank het. | Lede |
| **12.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | **Terrie / Johann** |
| | Len noem dat hy sukkel dat daar deurlopende Polisie teenwoordigheid is by die Buurtwag vergaderings, Len skeduleer nou die vergaderings om Terie teenwoordigeheid te kry. Hy bevestig dat hyself , Anton, Jo-hann asook die Polisie Sektor Voorsitter Daan Smith die Afriforum by-gewoon het. Baie goeie sisteme was aangebied. Len bevestig ook dat daar informasie is dat daar winkels in die area is wat daar n moon-tlikheid van smokkelary is. | Len / Johann / Lede |
| **13.** | **BEWAREA (Geen terugvoering)** | **Frik / Lydia** |
| 13.1 | **Bewarea banksake.** Staan oor. | Frik / Lydia |
| 13.2 | **Projekte:** Staan oor. | Lede |
| 13.3 | **Rivier Forum Kleinbrakrivier.** Des gee terugvoer oor Kleinbrakrivier Obstruksie na aanleiding van Future Works aanbieding. | Des |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 13.4 | **<u>Witdoodhaai en Walvis Navorsing.</u>** Staan oor. | Frik / Lydia |
| **14.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **14.1** | **De Lange Uitbreiding** | **Chris** |
| | Geen, behalwe vir die vullis storting wat reeds deur die Munisipaliteit skoon gemaak is. Anton vra dat Lavinia 'n kamera bord bestel. | Lavinia |
| **14.2** | **Fraaiuitsig** | **Lavinia/ Charl** |
| | Geen. | |
| **14.3** | **Klein-Brakrivier** | **Pieter / Charl** |
| 14.3.1 | **<u>Blouvlag status.</u>** Pieter bevestig dat droe takke nog steeds daar staan asook ongeverfde sement pale. Voetganger bord ontbreek nog. Anton sal navraag doen. Pieter noem dat hulle ook Munisipale Logo wil kry by die ingang van Kleinbrak. Anton vra ook dat die Blouvlag uitstaande sake gemonitor word. Die MBBV en Munisipaliteit sal weer die vlag hys, inwoners sal uitgenooi word. | Pieter |
| **14.4** | **Reebok** | |
| **14.4.1** | **Noord van die spoorlyn (Geen sake)** | **Johan Lotter** |
| **14.4.2** | **Suid van die spoorlyn (Geen sake)** | **Johann Muller** |
| **14.5** | **Reebokhoogte.** | **Kruger / Ray** |
| 14.5.1 | **<u>Koraal Singel 43.</u>** Staan oor. | |
| **14.6** | **Reebokrif** | **Frik Nel** |
| **14.7** | **Riverside** | **Des Muller** |
| 14.7.1 | **<u>Oop Sloot in 2de Laan</u>**. Des vra dat item afgehaal word, saak afgehandel. | Lede |
| **14.8** | **Tergniet** | **Len / Anton** |
| | Alles in orde. Anton vra dat Frans hulle die bou projekte deurlopend moet ondersoek, area lyk sleg en bouers gooi bourommel orals asook bousand oor die sandduine. | Frans |
| **14.9** | **Tergniethoogte (Geen terugvoer)** | **Mike** |
| **14.10** | **Toekoms** | **Donovan** |
| | Anton verwys na Donovan se epos waarin hulp en ondersteuning versoek word met 'n skoonmaak projek in Toekoms. Gibo noem dat ons 'n versoek moet instuur vir die skraap van sokkerveld. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **14.11** | **Eureka Park** | **Annatjie** |
| | Len gee terugvoer namens Annatjie. Kruising by Spar groot probleem. Moontlike parkeer area reeds besoek deur Munisipale Verkeersafdeling. Anton en Gibo nooi alle lede uit na die Kersliggies in Eureka Park. | Lede |
| **15.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| | Anton noem dat brief ontvang is vir die Kleinbrak Stasie ontwikkeling. Brief sal aangestuur word. | Lede |
| **16.** | **ALGEMEEN** | |
| | Anton noem dat die lede die 21ste Desember moet dagboek vir die Somer Kersfees program te Grootbrakrivier. | Lede |
| **17.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal 3 Desember 2014 plaasvind. | Alle Lede |
| **18.** | **VERDAGING** | |
| | Die vergadering verdaag om 14h45. | |
| | **ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG**<br>**SEKRETARESSE** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 10/2014 GEHOU OP 03 DESEMBER 2014 OM 13:00. | |
| | **ANTON DELLEMIJN**<br>**VOORSITTER** | |